
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

STANDVASTIG IN GELOOF

Sommige mense sal nie glo dat hulle gebed vir genesing verhoor is totdat hulle die antwoord ondervind en sien nie. Christus het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebed verhoor het nie. Party mense dink hulle moet aanhou bid en nie glo dat hulle gebed verhoor is, totdat hulle gesond is nie. Dit is *presies die teenoorgestelde van wat God verlang*.

Kom ons kyk na **Mark. 11:24: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.** Daardie **"en julle sal dit verkry",** is, nadat jy geglo het dat Hy jou gebed verhoor het. Net soos Jesus by Lasarus se graf gebid het, nl. **"Vader, Ek dank U dat U My verhoor HET"(Joh. 11:41),** toe Lasarus nog dood was, behoort ons te kan bid, terwyl ons nog siek is. Jesus sê: **Jy sal dit verkry,** en dit is jou bewys dat jou gebede verhoor is. Soos ek reeds genoem het, vir geloof is die Woord van God, die STEM VAN GOD.

Vader God het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebede verhoor het nie. As ons iets glo en vra ooreenkomstig Sy Wil, verhoor Hy ons. Ons moet kan sê: "*ek weet ek het dit wat ek van Hom gevra het, nie omdat ek die antwoord sien nie, maar omdatGod getrou is wat dit sal uitvoer."* Abraham het nie aanhoudend gebid vir die geboorte van Isak totdat die kind gebore was nie. In plaas daarvan het hy aangehou glo, en God verheerlik vir Sy Belofte. Josafat en die leër van Israel het nie gebid nie maar God met 'n luide stem geloof vir 'n antwoord op gebede VOORDAT hulle uitgegaan het om stryd te voer teen 'n sterk vyand. **Hulle geloof was die *bewys* (of versekering) van dinge wat hulle nog nie *gesien het nie* (Heb.11:1).** Dit is 'n *standvastig* geloof wat nie verswak nie, wat die vervulling van God se Beloftes teweeg bring. As ons geloof onaktief word, verswak dit. As ons dit aktief hou, sal dit steeds groei. Geloof is om te glo dat God sal doen wat Sy Woord sê. Een sekere manier om ons geloof aktief te hou en te laat groei, is deur die Woord van God te leer ken deur baie tyd daarmee deur te bring. **Rom.10:17: Geloof is uit die gehoor, en die gehoor deur die Woord van God.** Graag staan ek weer stil by die Woord van die Here.

In Eseg 12:28 lees ons: **Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as Woord spreek, dit sal gebeur, spreek die Here HERE.** Hy gaan nog verder in Jes 55:11: **So sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.**

God het Sy Woord uitgestuur en Sy volk genees. Hy sê Sy Woord sal doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur. Probleme en die **nie** – verkryging van ons genesing kom wanneer ons nie die Woord van God in ons harte het nie. Want as ons nie God se Woord in ons hart en in ons gees het nie, hoe kan ons verwag dat Hy daardie Woord moet laat gebeur wat inwerklikheid nie daar is nie?

In Deut. 30:14-16 sê God se Woord vir ons: **Maar baie naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen. Kyk, ek het jou vandag voor gehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die Here jou God lief te hê, in Sy weë te wandel en Sy gebooie en Sy insettinge en Sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die Here jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Standvastig in geloof)

God se Woord behoort in jou mond en in jou hart te wees. As jy die Skrif wat gaan oor genesing in jou hart het omdat jy dit glo, moet jy dit ook uitspreek met jou mond. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy twyfel en ongeloof in jou hart het weens gebrek aan kennis van God se Woord, sal dit terugslae en siekte bring as dit oor jou lippe kom. Wees dus ook UITERS VERSIGTIG VIR DIE WOORD VAN JOU MOND! **Mark.11:23:…. hy (jy) sal verkry net wat jy sê.** *'n Hindernis vir God is wanneer ons geloof rig op verbeterde toestande nà gebed in plaas van op Sy Beloftes.* Daar is geen ander rede so goed vir geloof soos die Woord van God nie, en Hy wil elke Christen sò afrig dat hy die Here sal glo al is AL DIE ANDER DINGE WAT HY KAN SIEN DIE TEENOOR-GESTELDE, behalwe die Woord van God.

Hosea 4:6: My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Ons geloof krimp deur ons oë op simptome te rig in plaas van dit te doen moet hulle, soos Abraham van ouds, hulle geloof versterk deur hulle oë te hou op God se Beloftes. Sulke mense maak hulle GEVOELENS die grondslag van hulle geloof in plaas van GOD SE WOORD wat nie van dag tot dag verander soos 'n mens se gevoelens nie. Daar is drie belangrike kragte aan die werk in jou: feite, geloof en gevoel. Gevoelens is sekondêr – jy moet nie lewe volgens hoe jy voel nie. Jou grondslag is die feite van die Woord van God. Reageer daarop met geloof, en jou gevoelens sal volg!

Party mense GLO maar DOEN niks. Geloof sonder werke is dood, dit sê die Bybel in Jakobus. 2:20. God kan net tengunste van ons reageer as ons geloof en ons optrede (werke) ooreenstem. Mark.11:22 sê ons moet geloof in God hê – geheel en al staatmaak op Sy getrouheid. Wanneer ons waarlik GLO sal ons geloof dink, geloof praat en geloof reageer. Vir die blinde man het Jesus gesê: **"Gaan was jou in die poel van Siloam" Joh. 9:7.** Hierdeur het die man 'n geleentheid gehad om geloof prakties toe te pas in sy hart, gedagtes en liggaam. Hy was nie genees voordat hy gelowig OPGETREE het nie. Hy het geglo die genesing was volbring, voordat hy dit gesien het. Net so met Naäman, die melaatse en ook met die tien melaates aan wie Jesus gesê het: **"Gaan vertoon julle aan die priester"** (Luk. 17:14). Daar staan geskrywe: **OPPAD, is hulle genees.** 'n Opsigtelike geloof van hulle kant af in hulle hart, siel en liggaam was nodig voordat hulle genesing gemanifesteer het. Sommige word nie genees nie omdat hulle hierdie orde wil omdraai. Hulle wil eers sien en dan glo – dis nie God se orde nie. Die wêreld sê "ek sal glo as ek sien".

Wanneer die toets kom, verloor sommige vertroue en besef nie dat, soos met Abraham die geval was, die toetsing van hulle geloof is om hulle te vervolmaak, nie te vernietig nie. Baie ontvang nie die geskrewe Woord van God en die beloftes daarin vervat as 'n direkte Woord van Hom aan hulle nie. Hulle faal daarin om te herken dat vir geloof is die Woord van God, die STEM VAN GOD en die WIL VAN GOD. *Dikwels is die ouderling of leraar wat vir die sieke bid vol ongeloof.* Christus se dissipels, alhoewel hulle deur Hom Self uitgestuur was om duiwels uit te dryf en siekes te genees, kon nie die maansiekte kind genees nie. Toe Jesus van die berg af kom het Hy die seun genees en hulle tereggewys oor hulle ONGELOOF. Maak seker dat die een wat vir jou bid glo, en nie sê: AS DIT U WIL IS, nie, maar: HERE genees U kind **volgens** U (geopenbarde) **WIL**.

Tradisie sê, siektes en lyding word toegelaat om as'n soort van 'n halter te dien waarmee God hulle toets en in Sy Wil lei, dan neem Hy die halter weg. Ek lees NIKS van so 'n liefdelose handelwyse van God in die Bybel nie. In Matt.28:19 het Jesus gesê dat Sy dissipels ALLE nasies moet leer om ALLES to onderhou wat Hy hulle (Sy dissipels) beveel het tot aan die voleinding van die wêreld. Wat het Hy hulle beveel? **Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit (Matt.10:8).**

Gebrek aan doelgerigtheid en ywer wanneer God aangeroep word vir genesing is noodsaaklik. God is die beloner van diegene wat Hom *met ywer* soek. (Heb.11:6) Ons ontmoet mense wat al alle moontlike mediese raad en operasies gehad het vir genesing, maar wanneer hulle *ten einde laaste* God raadpleeg, doen hulle dit maar baie onentoesiasties en sê hulle "*moontlik of miskien sal God na hulle klaagliedere luister"!* Of hulle kom nou maar vir gebed *omdat hulle famillie sò daarop aandring! Weens swak onderrig beperk mense God tot wonderwerke.* Wanneer sommige mense nie onmiddelik genees word nie, verloor hulle geloof en vertroue. God maak egter *onderskeid tussen* 'n *wonderwerk en genesing.* As elke mens, hoe swak ookal, sterk en gesond gemaak sou wees in 'n oomblik, sou daar nie genesings wees nie, wat dikwels tyd neem om te manifesteer, maar net wonderwerke. Paulus praat van die gawes van gesondmaking (genesing) en van die werkinge van kragte. (1Kor.12:9 en 10), Jesus kon in Nasaret geen wonderwerke doen nie, maar Hy het 'n paar siekes genees, omrede hulle ongeloof! (Matt. 13:58).Om genesings met wonderwerke te verwar is 'n baie algemene hindernis tot geneisng in ons tyd, weens die *swak onderrig* wat die kerke aan hulle lidmate voorhou oor sulke uiters belangrike onderwerpe soos Goddelike genesing. *Baie keer is te veel verskonings en ontkennings gemaak, en ons wil ook aanvoer dat ons Goddelike genesing nie kan verstaan nie.* Ek *verstaan* nie altyd Goddelike genesing volkome met my menslike verstand nie, maar dit doen nie afbreek aan die feit dat ek daarin GLO nie. Ek verstaan ook nie alles in verband met redding nie: dat Jesus bereid was om aan die Kruis

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Standvastig in geloof…)
te sterf vir my sondes is vir my steeds *onbegryplik*, maar ek GLO dit met my hele hart, siel en verstand. Ek het dit my eie gemaak en daarom is ek verlos! Net so met Goddelike genesing – glo en ontvang. Redding en genesing vind albei plaas deur geloof en vertoue in God en Sy onveilbare beloftes.

Kom ons lees **Joh.5:5-9: En 'n sekere man was daar** (bad van betèsda) **wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop.** Daar is 'n paar baie beliangrike aspekte in hierdie Skrifgedeelte. Hier het 'n man al vir jare gelê met sy geloof gevestig op *die water in die bad!* Hierdie man was 'n Jood en behoort to geweet het dat die Wet voorsiening gemaak het vir genesing. As hy hierdie voorsiening van God benut het, kon hy lankal genees gewees het! In plaas daarvan het hy sy oë gehou op die water en 'n eenmalige roering deur 'n Engel per jaar! (Ek het al gelees dat sommige Bybelstudente meen hierdie hele roering van die water deur 'n engel was 'n bygeloof!)

Dis ook toe die eerste ding wat Jesus vir hierdie man gevra het, " WIL JY GESOND WORD? Dit klink na 'n snaakse vraag want dis tog vanselfsprekend dat almal wil gesond word. Jesus het van beter geweet, daarom hierdie vraag, want daar is baie mense wat die *aandag geniet* wat hulle van andere verkry weens hulle siekte of gebrek! Jy sal vind dat juis hulle siekte altyd hulle geselskap sal domineer: om te vertel daarvan – dan is hulle mos die middelpunt. Sommige siekes kry ongeskukheidstoelae – nou hou hulle liewer vas aan hulle kwaal want as hulle sou genesing ontvang, sal hulle die geldjies moet verbeur! Hierdie onwilligheid om genesing te ontvang word dikwels deur Satan in 'n mens se onderbewussyn weggesteek! ONS MOET GENESING VERLANG en nie 'n verskoning soek vir onsself nie. Die man by die bad se verskoning was: **Here, ek het niemand om my in die bad te sit nie.** Hy was dus nie net kreupel nie, maar ook vol self bejammering en hy het ook nie vriende gehad nie! (Was dit nie dalk weens sy gesindheid nie?) Jesus was nie oop vir hierdie treurmare en verskonings nie! Hy het nie gesê: arme man en met hom gesimpatiseer nie. Hy het die situasie ferm in hand geneem en gesê: **Staan op, neem jou bed op en loop!** Die man het steeds die KEUSE gehad of hy wou opstaan of bly lê. ONS het die KEUSE of ons wil siek bly of genees word volgens God se Woord. Jesus het wel tot die man gespreek met hierdie woorde: *Staan op, neem jou bed op en loop,* maar Hy kon hom nie dwing om op te staan nie. Die man moet uit VRYE KEUSE KIES om Jesus se woorde te glo in plaas van die verlamde toestand van sy liggaam. Sò wat gebeur toe? **Hierdie man het gekies om Jesus se woorde to glo en hy was dadelik genees en kon sy bed opneem en loop!** □

The Incomparable Jesus Christ

He came from the bosom of the Father to the bosom of a woman. He became man that we might become sons of God. He came from Heaven, where the rivers never freeze, winds never blow, frosts never chill the air, flowers never fade. They never phone for a doctor for there no one is ever sick. No undertakers and no graveyards for no one ever dies – no one is ever buried. He was born contrary to the laws of nature, lived in poverty, reared in obscurity; only once crossed the boundary of the land, in childhood. He had no wealth nor social status and had neither training nor education.

In infancy He startled a King; in boyhood He puzzled doctors; in manhood ruled the course of nature. He walked upon the billows and hushed the sea to sleep. He healed the multitudes without medicine and made no charge for His services. He never wrote a book, yet not all the libraries of the country could hold the books that could be written about Him. He never wrote a song, yet He has furnished the theme of more songs than all song writers combined. He never practiced medicine, and yet He healed more broken hearts and bodies than all the doctors. He never marshalled an army, drafted a soldier, nor fired a gun, yet no leader ever made more volunteers, who have under His orders, made rebels stack arms or surrender without a shot being fired. He is the Star of astronomy, the Rock of geology, the Lion and the Lamb of zoology, the Harmonizer of all discords and the Healer of all diseases. Great men have come and gone, yet He lives on. Herod could not kill Him, Satan could not seduce Him, the grave could not hold Him.

He laid aside His purple robe for a peasant's gown. He was rich, yet for our sake He became poor. How poor? Ask Mary! Ask the Wise Men! He slept in another's manger. He cruised the lake in another's boat. He rode on another man's donkey. He was buried in another man's tomb. All failed but He never. He is the ever perfect One – He is the Chief among ten thousand. He is altogether lovely. He is the Rose of Sharon, Jesus Christ the Son of the Living God and lives forever more. □

Choose LIFE

The Bible teaches us in the Book of Genesis chapter one, that God created the whole universe and all that is in it, and we read that He made man in His image and gave him dominion over the Earth. (Gen. 1:27-28). It is important to note that God did not create a robot when He formed man, He chose to create man with a free will, so that man could choose to obey Him out of love for his Creator. He wanted to be able to fellowship with His highest creation, man, so Adam and Eve were created with a free will , with freedom to choose. We see however that they made a very bad choice when they disobeyed God as recorded in **Gen. 2: 16-17: And the LORD God commanded the man, saying, Of every tree of the garden thou mayest freely eat: But of the tree of the knowledge of good and evil, thou shalt not eat of it: for in the day that thou eatest thereof thou shalt surely die. (Gen. 2:16-17)**

We see this principle of " man's choice" again in the Deut. 30:15 - 19:

See, I have set before thee this day life and good, and death and evil; In that I command thee this day to love the LORD thy God, to walk in his ways, and to keep his commandments and his statutes and his judgments, that thou mayest live and multiply: and the LORD thy God shall bless thee in the land whither thou goest to possess it. But if thine heart turn away, so that thou wilt not hear, but shalt be drawn away, and worship other gods, and serve them;) I denounce unto you this day, that ye shall surely perish, *and that* ye shall not prolong *your* days upon the land, whither thou passest over Jordan to go to possess it.

I call heaven and earth to record this day

(Continued from page 4-Choose Life)

against you, *that* I have set before you life and death, blessing and cursing: therefore choose life, that both thou and thy seed may live:

Yes, God has given man a free will and, as we have seen from scripture, this means that we have the ability to make choices, however with it comes the responsibility for the choices we make! God **will not** make our choices for us and the devil **cannot** override our God-given will.

The Lord confirmed this truth in a wonderful way during my ministry. I clearly remember what happened at a healing meeting we had in Kempton Park some years ago. Concerned relatives had brought a woman for prayer. She was standing in the prayer line with many other people as I commenced with the laying on of hands upon the sick, according to Mark 16: 18. She had been brought directly from a mental institution to the healing meeting and you could see that she was totally dependent on the two male nurses supporting her. Tragically, she appeared to be a complete vegetable. Then In the name of Jesus I took authority over the enemy's work in her life and the bondage's that held her captive mentally, according to Mark 16 :17, and I prayed for her deliverance. I assured her of her God – given gift of her freedom to choose saying: "God has given you a will of your own. You can choose to allow the devil to keep you in this state – however his evil works have now been bound in the mighty Name of Jesus, and you have been delivered from his torment and are now "free", according to God's Word and promises. You have the choice to rise up from within and resist the devil's lies and get your will in line with God's Will for your life, or you can choose to allow Satan to keep you in this miserable state.

The choice is yours! God wants you to choose LIFE right now!" I accepted that she could hear me, and that she understood what I had said to her, and after a moment or two I saw a remarkable transformation take place before my very eyes, she "immerged" from the crumpled heap that had stood before me, a totally new personality, she had made her decision to choose life and not death, and the enemy could no longer hold her! The anointing of God working through me, - the power of the Holy Spirit, broke the yoke of the oppressor in the Name of Jesus, and together with **HER WILL TO CHOOSE God's deliverance for her,** brought victory in her life. The enemy could no longer hold her. The two men who had brought her to the meeting, stood with open mouths as she came forth….. out of the "grave", so to speak, in newness of life! She was completely normal and in control of herself. She had decided with her own will (which she alone controlled), to resist the tormentor and accept the Word and Will of God, and the result was dramatic and miraculous, resulting in Life and Life more abundant! (John10:10)

A great man of God once wrote: "*The Will of God is the living power to which the creation owes its existence. It is what it is through that Will and according to that Will. The creation is the expression, manifestation, and embodiment of God's Will in its wisdom, power, and goodness. The beauty and glory of God's creation exists only because God Willed it. God's Will formed the world and upholds it everyday. Creation is doing what it was destined to do, for it shows forth the glory of God .* ***"They gave glory to Him that liveth forever and ever, saying: "Thou art worthy to receive glory, for Thou has created all things, and because of Thy Will they are, and were created."*** *God's divine Will created a creature with a will, man, in His own image and likeness. Man has the living power to know and accept and co-operate with that Will to which he owes his being. Unfallen angels count it their highest honour and happiness to be able to will and do exactly what God Wills and does. The glory of heaven is that God's Will is done there. The sin and misery of fallen angels and men consists because they have turned away from, and refused to stay and do, the Will of God according to His Word.* ***His Word is His Will****. Redemption is simply the restoration of God's Will to it's place in the world, for this reason Christ came into the world and demonstrated in human life how man has only one thing to live for – doing God's Will. He showed us how there was one way to conquer self-will –*

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Choose Life...)

by death to it, in obeying God's Will even unto death. He atoned for our self-will and conquered it for us, opening a path through death and resurrection into life devoted to the Will of God. Christ gave us the example of what God expects of us in delighting in His Will.

If we want to see the Will of God in action, we need only to look at the Ministry of Jesus.

In Acts 10:38 we read: **how God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Spirit and with power, who went about doing good and healing all who were oppressed by the devil, for God was with Him**.

We can freely CHOOSE to allow our Heavenly Father to do the work in us. He makes us perfect in every good thing to do His Will, working in us that which is pleasing in His sight. As this is revealed by the Holy Spirit, and believed, and received into our heart, we begin to get an insight into the prayer. "Thy Will be done on earth as it is in heaven." In heaven there is no sickness, sadness, poverty or grief. Our desire is towards that very thing. It is essential that we realise our relation to God's Will and the need to strive towards it. Many, many believers have no idea of what their faith or their feeling should be in relation to the Will of God. Not many people say, "*My Whole desire is to be in the complete harmony with the Will of God; I don't want to do anything other than God's Will for me. By God's grace I want every hour of my life to be lived in the Will of God, doing it as it is done in heaven.* But this must be our desire and a choice we make. When faith in God's Will is in our heart, then we will have the courage to believe in the answer to the prayer Jesus taught us. We must understand that only through a closeness with our Heavenly Father, in Jesus Christ can this take place in us. We must realise too, that we must do our part in constantly bringing our will on earth into line with God's Will. When we have a vision for this, and realise our obligation, and our heart's desire is that God's Will may be done in us, and by us, as it is heaven, then our faith will overcome the enemy, the flesh, and the world's temptations.

Only by Father God's guidance given to us through the Holy Spirit, can His Will truly be known in its fullness and in its application to our daily life, giving us ever growing revelation of God's amazing and beautiful plan for us individually.

Father God desires that we would become one with Him through having a vision for doing His Will. If we persevere to be obedient to God's Word in every respect, we will share in all the benefits of God's promises. In other words, God says ," if you do what I ask of you, I will do what I promised I would do". If we truly worship Him, our prayer will be, "I delight to do thy Will O God." It is in our quiet time that we learn God's Will and surrender ourselves joyfully to His Will for our lives according to His Word. This is not achieved by becoming passive and having a blank mind, but by being active in faith, expecting God to show us His Will for us for each new day. He has given us the precious gift of choice, the precious gift of a free will..... let us choose Life, which is His Will for us.

.....therefore choose life, that both thou and thy seed may live: □

NUWE BOEKE BESKIKBAAR

DEFEATING DEPRESSION
by Dr J J van Zyl
Book 72 – R20.00

OORWINNING OOR DEPRESSIE
Boek 73 - R20.00

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Op die 14de Julie het ons die 28ste herdenking van die Stanger Christelike Sentrum se Gebou se toewyding aan die Here gevier. 'n Profesie van die Sentrum en presies hoe dit sou lyk, is deur 'n ware profeet en man van God gegee, vyf jaar tevore op die 21ste Maart 1979 by 'n byeenkoms in die Stanger Stadsaal. Terwyl hy die profesie gegee het is die Stadsaal deur weerlig getref en die meegaande donder was die hardste wat ek nog gehoor het! Ons almal het regop gestaan en ek kan jou verseker dat ons kennis geneem van wat geprofeteer word. Dus was daar 'n groot verwagting toe die profesie vervul is, met die voltooiing van die Christelike Sentrum en die toewyding aan die Here Wie die bestaan bepaal het! Die Here was getrou aan ons verwagting, en ons was glad nie teleurgestel nie, omdat dit gedurende die toewydingsdiens was dat Hy aan my en Meg die wonderlike openbaring van die Nagmaal gegee het – die twee elemente van die Nagmaal – die Brood en die Beker van die vrug van die Wingerdstok. Die gebroke Liggaam van Jesus en Sy gestorte Bloed. Die Here het my die boek "Nagmaal en Genesing" laat skryf – die verslag van Jesus se kruisiging uit 'n mediese dokter se oogpunt, en die feit dat die Bybel leer dat die rede vir deelname aan die Nagmaal is om Sy dood en hoe en waarom Hy gesterf het met danksegging te onthou totdat Hy weer kom (1 Kor. 11:24). Die volgende dag het ek en Meg begin Nagmaal gebruik en van toe af gebruik ons nog steeds Nagmaal tussen 7 en 8 uur in die oggend, wanneer ons bid vir al die gebedsversoeke wat die vorige dag in gekom het. God was so getrou in die beantwoording van ons gebede en ons het so baie wonderwerke en veranderde lewens gesien plaasvind gedurende hierdie 33 jaar in die bediening. Die Sentrum Gebou is 5 jaar nadat die Here deur die Heilige Gees my toevertrou het met die drie kragtige gawes van genesing, geloof en wonderwerke – vir Sy Liggaam, die Kerk en tot Sy Eer alleen gebou.

Ons het 'n wonderlike diens gehad waartydens ons Sy Naam om Hoog verhef het en aan Hom die erkenning gegee het deur lofprysing en aanbidding en danksegging, vir alles wat Hy oor die afgelope jare gedoen het en vir alles wat Hy nog gaan doen. Sy getrouheid en genade, Sy liefde en krag het geen einde! Halleluja, ons dien 'n ontsagwekkende God! Hy is magtig om te red en magtig om te genees! So is dit ook met Sy wonderwerking van voorsiening, finansies, genesing, verlossings, verhoudings en soveel ander behoeftes, waar die wêreld sisteem en wetenskap niks meer kan aanbied nie, is ons God getrou om in alles te onderneem. God is nog in beheer en Hy weet wat besig is om hier op aarde plaas te vind. Ons weet ook dat die duiwel se tyd baie kort is en dat hy alles in sy krag probeer doen om mense af te breek en aan te val, en dit is hoekom die Here ons aandag op Sy vermoë wil vestig. Hy is ons Geneesheer, Hy is ons Bron, Hy is ons Krag en Hy is besig om dit alles te openbaar! Sy beloftes, Sy Woord, staan vir Ewig vas en ons kan Hom met ons hele hart vertrou, soos ons oor die laaste 33 jaar in die bediening ondervind het en 28 jaar te wees op die plek wat ons Hemelse Vader vir ons voorsien het, van waar die Evangelie van ons Here Jesus Christus ver en wyd versprei word. Ons dank Hom vir julle wat deel was van die bediening en 'n belangrike deel is wat dit alles moontlik maak, en ons het ons Hemelse Vader gevra om julle oorvloedig te seën. Baie dankie aan julle almal vir julle voortdurende gebede en ondersteuning en ook julle liefde, dit is waarlik 'n riem onder ons harte en maak dit moontlik vir ons om te volhard vir ons Koning, Jesus.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

Baie Liefde groete

Dr James

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ons wil graag 'n wonderwerk met julle deel. Op Maandag, 21 Mei 2012 ontvang my vrou en ek 'n oproep met die verpletterende nuus dat ons seun, Erwin, na 'n haartaanval in die intensiewe sorgeenheid vandie Universitas-hospitaal lê. Ons was platgelsaan. Die man is 24 jaar oud, hy is fiks en leef gesond en verantwoordelik. Daar is ook nie 'n geskiedenis van hartskiektes in ons familie nie.

Ons was baie ontsteld en het die Stanger Christian Centre gebel om vir ons te help intree by die Here. Watter getroue, liewe mense is julle nie! By die Sentrum het Cathy geantwoord. Na aanhoor van ons gebedsversoek, het sy gesê dat Dokter James-hulle juis daar is en dat hulle dadelik gaan bid dat luister mooi: "Erwin van die kroon van sy hoof tot die punte van sy tone genees is en dat hy geen nagevolge sal oorhou nie."

Tydens die hartaanval is Erwin eers na 'n privaathospitaal waar sy toestand gestabiliseer is voordat hy na Universitas oorgeplaas is. Personeel van beide hospitale het 'n volwaardige hartaanval gediagnoseer (die mediese sertifikaat lees "Myocardial Infarction"). Dit was dus nie 'n kwessie van 'n moontlike foutiewe diagnose nie. In die Universitas-hospitaal het die wonderwerk begin manifesteer. Die hospitaal is 'n opleidingshofpitaal vir die Vrystaatse Universiteit. 'n Professor was aan die hoof van die span wat Erwin behandel het. Hy is aan minotors gekoppel en bloed en ander toetse, insluitende 'n angiogram, is gedoen. Sommer gou is vasgestel dat geen van die risikofaktore vir 'n hartaanval by Erwin aanwesig is nie. Daar kon ook nie vasgestel word wat die hartaanval veroorsaak het nie! En daar is hoegenaamd geen teken van skade aanwesig nie! Die angiogram het getoon dat Erwin een honderd present gesond is! (Onthou die gebed dat hy van die kroon van sy hoof tot die punte van sy tone genees is en geen skade sou opdoen nie?) Prys God! Hallelujah! Na slegs drie dae! in die intensiewe sorgeenheid is Erwin ontslaan! Hoe lank bly iemand na 'n hartaanval normaalweg in die hospitaal? Drie, vier weke, dalk langer? Hoe groot is ons God!

Koos en Mada Kuhn, Beaufort Wes

Ek skryf die brief aan dokter James net om te sê baie dankie dat julle vir my gebid het, die Here is wonderbaarlik. Ek was 14.4.2012 gediagnoseer met nier kanker en ek het vir u gevra vir voorbidding, operasie was 7-6-2011, toe ek gaan vir my volgende toetse toe moet ek hoor ek is skoon, die Here is baie dierbaar. Prys Sy wonderbaarlike naam!!

Mev A Fisher, Upington

Liewe Dr James,

Wil u inglig dat Grant Fortuin vir wie voorbidding gevra is wat beenmurg kanker gehad het, het God wonderlik genees, dokters het vertel dat hy 'n wonderwerk is want hy het die gevaarlikste kanker gehad. Hy het sy eerste getuienis gegee.

Greg, Posmasburg

(Hier volg sy getuienis)

God is a Good God!! Only, He is worthy! Greetings, all my precious brothers and sisters, we serve an awsome Abba Father!! Quite a while back, I emailed prayer request, for Olivia, a young sister in Jesus. She was undergoing serious chemo treatment for a very painful, serious cancer condition. On the 3 June I received a text from Olivias aunt, June, and it reads as follows: I am forwarding a message sent to me by Joan, re, Olivia: good news, blood count good and clear, hair growing back, got periods again, breast tissue present, though, was totally destroyed, nails normal, and GOD IS JUST SO AMAZING AND AWESOME, doctors could not believe it, and made Olivia take her wig off to feel her hair growth. We can only say "PRAISE KING JESUS!!!" Amen.

Roly

Baie dankie vir u gebede. Ek kan van so baie genesings getuig!! Pieter is genees van kanker!! Andrè Bouwer het weer goeie werk!! Nardo wat genees is van testical kanker (16) en nog meer. Al die eer aan ons Jesus!! Seën vir julle groot werk vir Jesus! Jesus liefde.

Mev E Bosch, Benoni

Ek wil net vertel van die wonderwerk van die Here!! Ek het geskryf en gevra dat julle asseblief vir my dogter Petro Blandy moes bid. Volgens die dokter was daar iets verkeerd met haar hart. Sy moes toe die 5de Junie 'n hart spesialis gaan sien in Benoni. Toe sy die more gaan sê ek vir haar, sy moenie verbaas wees as die Dr. vir haar sê dat haar hart is reg en daar is niks verkeerd nie, want Dr James en ek het gebid en ek glo en vertrou die Here vir 'n wonderwerk en Prys die Here!! Die spesialis sê toe daar is niks verkeerd nie!! Wat ' wonderlike Here aan bid ons nie. Liefde groete.

Tannie Petro Booyens, Bella Bella

My vriend is volkome genees van kanker!!! O, kom ons prys God weereens vir Sy genade en Sy Wonders. U weet Bruce is nou werksaam in Pretoria en dit gaan baie goed met hom. Dankie dr James vir u getroue, opregte gebede.

Mnr J Olivier, Moreleta Park